

OP SOEK NA DIE KONINGS VAN DIE KONGO

Die Kongo is nie op baie mense se moetsienlys nie, maar dis hier waar jy die groot indoenas kan sien... **François Haasbroek** het by die gorillas gaan kuier.

FOTO'S **FRANÇOIS HAASBROEK**



Daar staan 'n rondloperhond op die aanloopbaan van die Maya Maya- internasionale lughawe in Brazzaville toe ons land. Langs die aanloopbaan staan twee passasiersvliegtuie en roes, en by die militêre vliegveld langs aan het 'n boom deur die wrak van 'n vragvliegtuig begin groei.

Wrakke is iets wat jy gereeld sien in Brazzaville, die hoofstad van die Republiek van die Kongo. Dié land moet nie verwar word met die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK) langsaan nie. Die Republiek van die Kongo is – in vergelyking met die onstabiele DRK – 'n relatief vreedsame land. Brazzaville lê teen die Kongorivier, reg oorkant Kinshasa, die hoofstad van die DRK. Die DRK was eers Zaïre, maar aangesien die name so na aan mekaar is, praat inwoners van Kongo-Brazzaville en Kongo-Kinshasa.

Die stad is oud en vervalde maar skoon en netjies. Buiten die wrakke – dit word laat staan. Gepantserde voertuie, vliegtuie, taxi's en selfs Porsche Cayenne-geraamtes word gelos net daar waar hulle die gees gegee het. >

GRENS. Die Kongorivier is 3 km breed en skei die Republiek van die Kongo en die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK) en ook die hoofstede. Dié twee lande was al haaks, en hoewel daar nog nooit oorlog was nie, het die twee stede nie ooghare vir mekaar nie. Hier is geen brûe wat die twee stede verbind nie en stroomversnellings maak dit bykans onmoontlik om die rivier hier oor te steek. Hier loop stories van Franse ouens wat met kano's probeer oorkom het en nooit weer gesien is nie... Die kwik daal selde onder 20 °C en dis te verstane dat kinders soms die gevaarlike waters aandurf vir 'n bietjie lfenis.





Hierdie is 'n tref-en-trap-toer. Ons is net vir vyf dae in die land én moet sowat 30 uur ry na die Odzala-Kokoua- nasionale park in die noorde en weer terug met 'n Land Rover. Dis waar ons groepie joernaliste vir Kingsley Holgate en sy span ontmoet. 'n Dag is nie genoeg om Brazzaville in te neem nie, maar ons gaan probeer.

In dié land is toerisme 'n bysaak. Moenie bruin aanwysings-bordjies verwag wat jou na allerlei doendinge beduie nie. Ons gids weet wel waarheen om te gaan – plekke soos die uitkykpunt oor die stroomversnellings tussen Brazzaville en Kinshasa, die Mami Wata-restaurant en die Poto Poto-mark in die middel van die stad. Aan die einde van 'n lang, warm dag voel jy tog asof jy Brazzaville beter ken.

Die volgende oggend gaan die wekkers vroeg af. Odzala is sowat 600 km van die stad af, maar die pad is só sleg die rit kan tot 14 uur duur.

Op pad ry ons verby 'n paar groter dorpe soos Gamboma, Oyo (die president se tuisdorp) en Makoua op die ewenaar. Op die dorp Etoumbi ontmoet ons vir Kingsley en klim op 'n pont oor die Likoualarivier na die Ngagakamp in Odzala.

Vroeg die volgende oggend stap ons die reënwood binne met die hoop om gorillas te sien. Hier hou tussen 100 000 en 200 000 westelike laaglandgorillas in die reënwoude in die noorde van die Kongo, Gaboen, Kameroen en die Sentraal-Afrikaanse Republiek. Omdat hulle habitat so ruig is, is dit moeilik om 'n familie op te spoor as jy nie weet waar om te kyk nie.

Odzala is een van die beste plekke om die groot ape te ontmoet. 'n Spoorsnyer volg 'n gorillafamilie die hele dag lank totdat hulle nes maak vir die aand. Die volgende oggend neem die spoorsnyer die toeriste tot by dié slaapplek, en hulle volg dan die spoor van daar af.

Dié soektog kan tot 6 uur duur, maar ná sowat 40 minute se stap verskyn 'n massiewe swart gedaante in die voetpaadjie voor ons. Die gids beduie ons moet ons gesigmaskers opsit. Selfs iets soos 'n verkoue kan na die gorillas versprei.

Vir omtrent 'n uur sit ons net en kyk. Die groot silwerrug-mannetjie en sy harem wyfies sit sowat 10 m van ons af en die kleintjies speel in die takke rondom ons. Altesame sowat 30 gorillas.

Later die dag vaar ons op een van die sytakke van die Kongo-rivier, stap deur die digte reënwood en die aand sit ons langs die rivier en luister na Kingsley se stories oor sy onlangse Hart van Afrika-ekspedisie.

Maar niks kom naby daai gorillas nie. Ná net 'n uur kan jy die verskillende persoonlikhede uitken. Die wyfies klets met allerlei oe- en aa-geluide asof hulle in 'n haarsalon sit. Die silwerrug hou die nuuskierige kleuters dop wat al hoe nader aan ons kom. Nou en dan kyk hy vir jou. Dit voel soos 'n mens wat vir jou kyk en jy kan nie anders as om te dink dat ons tog nie so verskillend is nie.

Hier teen die einde van die uur raak die kleintjies hans. Hulle kom te naby en die silwerrug staan op en stap in ons rigting, wat beteken dit is tyd om te gaan.

Sjoe, my *bucket list* is nou een merkie korter!

1 WAAR DIE PRESIDENT VISVANG. Die dorp Oyo, sowat 400 km noord van Brazzaville, was dekades gelede 'n gehuggie. Dit was ook die tuisdorp van Denis Sassou Nguesso wat sedert 1979 (behalwe vir vyf jaar in die negentigerjare) die president van die land is. Vandag bly meer as 5 000 mense op Oyo, hier is 'n internasionale lughawe, 'n luukse hotel op die Alimavivier én 'n hawe.

2 ONGEËWENAAR. Al is dit net 'n denkbeldige lyn op die grond, is daar iets spesiaals daaraan wanneer jou GPS se breedtegraad-koördinate nul raak, veral vir 'n kartograaf soos ek. Op die dorpie Makoua dui twee monumente aan dat jy op die ewenaar is. Al twee is egter 'n klein bietjie uit; die lyn loop eintlik regdeur die burgemeester se huis.


3 SLANG VIR AANDETE? In hierdie deel van die wêreld is enige vleis goeie vleis. Luislange word langs die hoofweg noord van Brazzaville as bosvleis verkoop.


4 KROKODILBIER IN DIE STRAAT. Brazzaville is een van die veiligste hoofstede in Afrika. Jy kan maklik soos Lesley Sutton vir jou 'n N'gok-bier (n'gok beteken "krokodil") en grondboontjies by 'n stalletjie in die Poto Poto-mark kry en op die sygaardjie sit en kuier sonder dat enigiemand jou lastig val.

5 DIE MAN MET DIE BAARD. Kingsley Holgate rek bene terwyl ons voertuie per pont oor die Likoualarivier getrek word.

6 HART VAN DIE OERWOUD. Die plante-groei is só dig dis bykans onmoontlik om deur die reënwood te stap. Gelukkig sny die Lekotirivier deur die park. Jy kan dus uit 'n kano (met 'n bier in die hand) soek vir wilde orgidieë, Colobus-ape in die takke, seldsame sitatungas ('n soort waterbok) of selfs 'n bosolifant.

7 GORILLAWÊRELD. Die grondpad tussen Etoumbi en die Odzala-Kokoua- nasionale park loop deur die reënwood waar die gorillas hou. Elke nou en dan sien jy tekens langs die pad wat jou laat besef 'n rondloper-gorillamannetjie kan enige oomblik uit die bos storm. >





8 SPIERTIER. Neptuno is die patriarg van een van die 16 families van die groep westelike laaglandgorillas in Odzala. Net twee van dié families is gewoonnd aan mense en sal toelaat dat jy hulle van 'n afstand af dophou.

9 RAAK DIE PAD BYSTER. Wanneer die water te vlak raak vir 'n kano, stap jy maar verder. Hier is natuurlike ooptes in die woud wat *baïs* genoem word, waar 'n mens gemaklik kan stap. Dit is gewoonlik 'n droë voetslaanpad, maar as dit die oggend gereën het, moet jy vrede maak met nat sokkies en skoene.

10 DRAAI OP DIE RUIE. Met 'n gemiddelde reënval van byna 200 mm per maand in Oktober is hier geen tekort aan water in die Odzala-Kokoua- nasionale park van 13 600 km² nie. Odzala is nie die soort park waar jy uit jou Camry wildkyk nie. Jy kan die park net saam met 'n gids verken.

11 DEUR DIE BLARE. Volwasse gorillas is bewus van die toeriste, maar steur hulle nie regtig aan die nuuskierige agies nie. Hulle peusel rustig aan die blare en wortels van die Marantaceae-plant terwyl die nuuskierige kleuters kyk hoe naby hulle aan die toeriste kan kom voordat hulle raas kry by die silwerrug.

12 GOEIE DAAD VIR DIE DAG. Die Kingsley Holgate-stigting se Right to Sight-veldtog deel leesbrille uit aan swakziende mense wat dit nie kan bekostig nie. Hierdie vrou in die dorpie Mboma naby die park kan vir die eerste keer in jare weer haar Bybel lees.

13 JENEWER BY DIE 'BAÏ'. Ná 'n propvol dag van gorillas soek, riviere verken en voetslaan deur reënwoude en heuphoogte riviere kan jy jou stapskoene laat droog word langs die vuur op die houtdek van Odzala se Lango-kamp.

Weg het gereis as gas van die Kingsley Holgate-stigting en Land Rover. 'n Retrokaartjie van Johannesburg na Brazzaville kos sowat R9 000 en 'n aand in die park vanaf R3 500 p.p.

(Onthou, dis vrekmoelik om melk en eiers tot daar te kry. – Red.) Gaan na odzala-kokoua.com vir meer inligting. 

